**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 4 EENHEID 2: DIE ARBEIDSMARK**

***MEMORANDUM***

1 **Waarom het sakeondernemings ’n vraag na arbeid?**

Om daarmee goedere en dienste te produseer.

2 **Wat oorweeg ’n sakeman as hy ’n keuse doen tussen meganisering en die gebruik van arbeid?**

Die koste van meganisering teenoor die koste van arbeid.

3 **Watter twee faktore bepaal die aanbod van arbeid?**

Lone en die grootte van die bevolking.

4 **Hoe kan ’n sakeman lone gebruik om geskikte werkers te bekom?**

Deur hoër lone aan te bied as sy mededingers.

5 **Waarom moet daar arbeidswetgewing wees?**

Om beide werkgewers en werknemers te beskerm teen onregmatige optrede van die ander party.

6 **Wat is die funksie van werkplekforums, bedingingsrade en vakbonde?**

Om werkers seggenskap te gee in werksvoorwaardes en om ’n goeie verhouding tussen werkgewers en werkers te bevorder.

7 **Watter dokument verskans arbeiders se arbeidsregte?**

Die Grondwet.

8 **Wat is die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge?**

Om maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en demokratisering van die werkplek te bevorder.

9 **Wat is die basiese funksie van ’n vakbond?**

Om die belange van die lede te beskerm en om as mondstuk te dien vir die lede.

10 **Wat is die doel van die arbeidshof?**

Om uitsprake oor arbeidsgeskille te gee.

11 **Na watter proses kan werkers en werkgewers hulle wend as die KVBA misluk?**

Na arbitrasie.